

“Ek haat lees”

deur Elrina du Toit © Maart 2013

"Ek haat lees! Ek wil nooit weer in my hele lewe 'n boek lees nie!" Dis nie woorde wat enige tuiskoolma wil hoor nie, want dit laat jou moedeloos en dit laat jou wonder waar jy dan nou verkeerd gegaan het. Dit laat jou wonder of jy die regte ding doen en of dit wat jy doen regtig die beste vir jou kinders is. Dit laat jou twyfel in jou eie vermoëns.

Dit was my dogtertjie se woorde toe sy 6 jaar oud was. Toe word sy al vir 'n jaar lank gedwing om elke dag vir my voor te lees, want haar angstige ma is tog so bang sy gaan agter raak, of nie bybly by wat die skoolkinders doen nie. Ek moet tog vir almal wat my met valkoë dophou en wag om te kritiseer wys dat hierdie ding wat ons doen werk, en dat dit die voortrefliker opsie is om jou kinders te onderrig.

Maar dit het my tot stilstand geruk en ek het net daar vir haar gesê sy hoef nooit weer in haar hele lewe te lees nie. Ek het vir haar voorgelees en vir omtrent 'n jaar kon ek my eie angstigheid in toom hou en haar los, maar na 'n jaar het ek weer stadig begin om maklike biblioteekboekies uit te neem en allerhande skelm onderhandelings gemaak soos, ek lees 2 bladsye en dan lees jy een. Maar ek is baie gou herinner aan my eie woorde en moes weereens 'n paar treë terugstaan. Uiteindelik, na maande van naels kou en angstig wag, het sy agtergekom dat lees eintlik lekker is. Tot vandag toe verpes sy dit egter om vir my voor te lees.

Met die wiskunde het ons dieselfde pad geloop. Op 8 was die woorde weer daar : "Ek haat wiskunde!" Ek het die wiskunde boeke weggepak vir die res van die jaar en naelbytend aangegaan met ander dinge, heeltyd bekommerd dat my kind besig is om agter te raak. Na 'n jaar het sy self gesê dat sy nou weer wil wiskunde doen, want sy wil 'n veearts word. Dankie tog!

Toe was dit die Afrikaans en Engels wat ek opsy moes skuif. Wat is dit dan wat ek die hele tyd verkeerd doen? Waarom kry ek 'n haatreksie vir omtrent alles wat ek doen? Waarom voel dit asof al my fyn-uitgewerkte planne misluk? Ek probeer dit lekker maak, ek koop kleurvolle oulike boeke, maar ek hoor keer op keer dieselfde woorde!

Hierdie jaar het daar vir my 'n lig opgegaan. Dis nie die lees of die wiskunde of die skryf wat kinders haat nie, dis die druk, dis die bakleiery en uiteindelik die skade aan die verhouding wat die kind haat. Want dis 'n gestoei en 'n gesukkel en 'n geraas en dan is almal kwaad vir mekaar. En waarvoor? Is die sewe maal tafel regtig so belangrik? Of is dit regtig nodig om 'n kind wat sukkel om te skryf te dwing om dit elke dag te doen?

Ek sê geensins dat kinders net kan doen wat hulle wil nie, en dat hulle geen verantwoordelik hoef te dra nie of niks hoef te doen wat moeilik is nie, maar hoeveel word daar baklei in die proses? Hoeveel interne motivering het die kind self om iets te doen, of dryf ons die hele tyd ons eie agendas en ons eie planne en kurrikulums? Hoeveel doen ons van dit waarin hulle belangstel of doen ons net wat voorgeskryf word sodat ons tog net nie moet agter raak nie? Hoeveel van dit wat ons doen is vir ons eie gerusstelling, maar in die proses verloor ons ons kinders en kon hulle net sowel op die skoolbanke gesit het want "skool" by die huis is net een groot bakleiery.

Ek sukkel steeds om terug te staan en nie te druk nie, en ek moet gereeld vir myself sê dat die verhouding belangriker as die skoolwerk is. Ek probeer om te motiveer sonder om te baklei en ek probeer verantwoordelikheid kweek, maar ek moes my eie planne en my eie agendas neerlê, want hoe kan ek die verhoudings herstel as ek nog steeds baklei oor skoolwerk?

Dis vir my skrikwekkend om nie in beheer te wees nie, dis senutergend om te hoor wat almal om my met hulle kinders doen! Dis vreesaanjaend om nie 'n uitgewerkte plan of formule te hê nie. Maar dit beteken nie dat ek niks doen nie, dit beteken net dat ek my eie uitgewerkte idees opsy geskuif het en dat ek nou luister en wag op die Here. Dit beteken dat ek sensitief is vir wat my kind in belang stel en dat ek saam met haar dinge doen wat vir haar lekker is en dat ek saam met haar speel en lag.

Kyle Miller sê: “God’s initial goal for Christian homeschooling families is not the raising of godly children. Instead, God’s wonderful, but subtly hidden agenda is that the homeschooling experience be so challenging for the parents that they feel the need and hunger for a closer walk with their Heavenly Father.”

En soos wat ek nader en nader aan my Hemelse Vader loop, gee Hy vir my wysheid en krag en planne. En hy bring genesing en herstel van verhoudings.

So, ontspan, wees rustig, staan terug, volg jou hart, vertrou die Here, hoor by Hom, loop saam met Hom en alles sal in plek val.